GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2016

**10870**

**TOERISME**

**TYD:** **3 uur**

**PUNTE:** **200**

**24 bladsye**

TOERISME
1087A

10870A

X10

3

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN – 2016**

**TOERISME**

**TYD: 3 ure**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

**Lees die instruksies noukeurig voordat die vrae beantwoord word.**

1. Die vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord ALLE vrae.
3. Begin die antwoord van elke vraag op ŉ NUWE bladsy.
4. Nommer jou antwoorde ooreenkomstig met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
5. Gebruik die puntetoekenning aan die einde van elke vraag as ŉ gids om die lengte van jou antwoord te bepaal.
6. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Skryf netjies en leesbaar slegs in blou ink.
8. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids om jou te help om jou tyd te bepaal vir elke afdeling.

| AFDELING | ONDERWERP | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valutaverhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerisme-besienswaardighede; Kultuur- en Erfenis Toerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerisme Sektore; Volhoubare en Verantwoordelike toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |

## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Vier keuses word as moontlike antwoorde verskaf op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.20) in jou ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld, 1.1.21 A.

1.1.1 Die volgende reisdokument word deur die konsulaat of ambassade van die land van bestemming uitgereik:

A Identiteitsdokument
B Gedragskode
C Visum
D MasterCard

1.1.2 Korporatiewe maatskaplike belegging (CSI) in toerisme verwys na die rol van …

A toeriste wat buitelandse geldeenhede verruil.
B die regering in die beskerming van die omgewing.
C toerismemaatskappye wat plaaslike gemeenskappe ondersteun.
D plaaslike gemeenskappe wat geld spaar om met vakansie te gaan.

1.1.3 Die volgende is NIE ŉ voorbeeld van ŉ politieke situasie NIE:

A Terrorisme
B Aardbewing
C Burgeroorlog
D Algemene onluste

1.1.4 Hierdie paspoort word deur die Departement van Binnelande Sake uitgereik aan ŉ staatswerknemer wat internasionaal reis vir regeringsake.

A Offisiële
B Tydelike
C Diplomatiese
D Maxi-toeris

1.1.5 Die kies van die rooi kanaal by ŉ internasionale lughawe beteken dat die toeris …

A geen goedere het om te verklaar nie.
B goedere het om te verklaar.
C belastingvrye goedere het.
D die land verlaat.

1.1.6 Die ikoon was eens die belangrikste stad van die Inka-mense.

A Chichen Itza
B Machu Picchu
C Kremlin
D Mekka

1.1.7 Die belangrikste aspekte van ŉ reisplan is …

A persoonlike ongeluksversekering en bybetalingsdekking.
B begroting, betalingsmetodes, uitgawes en fooitjies.
C reisafstande en onvoorsiene onderbrekings.
D vervoer, verblyf, besienswaardighede en aktiwiteite.

1.1.8 Die volgende toerisme-besienswaardigheid word in Jordanië aangetref:

A Die Swartwoud
B Die Berlynse Muur
C Die Stad van Petra
D Die Niagara Valle

1.1.9 Die volgende is ŉ voorbeeld van ŉ metode wat gebruik word om kliënteterugvoer te bekom:

A Voorafgelaaide debietkaarte
B Reisbeursie
C Opvolgoproepe
D Plakkate

1.1.10 Die 0° lengtelyn is ook bekend as die …

A Greenwich-meridiaan.
B Internasionale Datumlyn.
C Ewenaar.
D Kreefskeerkring.

1.1.11 ʼn Gedragskode bevorder die volgende in die werkplek:

A Integriteit
B Konflik
C Oortyd
D Waarskuwings

1.1.12 Die tyd in die middag volgens die 24-uur horlosie kan geskryf word as ...

A 1:00.
B 13:00.
C 1:00 VM.
D eenuur.

1.1.13 SANParke het loopplanktoegang verskaf tot sy toiletgeriewe en besoekersgebiede. Identifiseer die faktor wat bygedra het tot die sukses van SANParke as ʼn toeriste-attraksie.

A Doeltreffendheid en etiese optrede van personeel en bestuur
B Veiligheid en misdaadvoorkoming
C Inagneming van die behoeftes van mense met gestremdhede
D Uitstekende bemarking plaaslik en internasionaal

1.1.14 ʼn Veiligheidsmaatreël geskik vir ʼn toeris wat in ʼn straat loop, sal wees om ...

A alle vensters op te draai.
B gebruik te maak van die bagasiefasiliteit.
C ʼn kamer te versoek naaste aan die hysbakke.
D onopvallend aan te trek en die dra van juwele te vermy.

1.1.15 Die koers wat ʼn bank gebruik om ʼn toeris se buitelandse valuta om te skakel na die plaaslike geldeenheid staan bekend as ...

A BAK.
B BVK.
C Forex.
D ʼn diensfooi.

1.1.16 Uitstekende diens het ’n positiewe impak op die winsgewendheid van ’n onderneming as gevolg van ...

A ’n verhoogde bemarkingsbegroting.
B verhoogde herhaalde besigheid.
C negatiewe oorvertellinge.
D ’n toename in die aantal klagtes.

1.1.17 Hierdie terrein is vir ’n tydperk gebruik as ’n plek van ballingskap, ’n melaatse kolonie en ’n militêre basis voordat dit as ’n wêrelderfenis gebied verklaar is.

A Robbeneiland
B Wieg van die Mensdom
C Mapungubwe Kulturele Landskap
D Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap

1.1.18 Die volgende organisasie ondersteun lande om openbare bewustheid te bewerkstellig vir Wêrelderfenisbewaring:

A SAHRA
B UNWTO
C WGO
D UNESCO

1.1.19 Cholera is ’n siekte wat veroorsaak word deur ...

A die byt van die Zika muskiet.
B swem in vars water.
C die inneem van besmette voedsel en water.
D die gebruik van ongesteriliseerde naalde.

1.1.20 Die term verwys na die gebruik van ’n naam, term, simbool of ontwerp, of ’n kombinasie daarvan om die produk van ’n organisasie te identifiseer en te onderskei van sy mededingers.

A Teikening
B Handelsmerk
C Bemarking
D Posisionering

(20x1) (20)

1.2 Gee een woord / term vir elk van die beskrywings (1.2.1 – 1.2.5) deur ŉ woord / term van die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord / term langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld, 1.2.6 SAT

| |
|---|
| mausoleum; tendens; dienskontrak; vermenigvuldigingseffek; buitelandse markaandeel; gedragskode; belegging; burgeroorlog; piramides |

1.2.1 ŉ Konflik tussen burgers van verskillende streke binne dieselfde land.

1.2.2 Die bedrag geld verdien uit internasionale toeriste aankomste, wat uitgedruk is as ŉ persentasie van die totale wêreldmark van internasionale toeriste.

1.2.3 ŉ Gebou in Indië wat ŉ graf huisves.

1.2.4 ŉ Gedragspatroon wat geleidelik merkbaar word oor ŉ tydperk.

1.2.5 ŉ Wetlik bindende ooreenkoms tussen ŉ maatskappy en sy werkers. (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) van die wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld, 1.3.6 Visa.

1.3.1 (Landmarkte / Lugmarkte) verwys na lande waar minstens 60% van aankomste van die spesifieke land aankom by ŉ grenspos.

1.3.2 Die aanskaf van plaaslike goedere en dienste is ŉ voorbeeld van die (sosiale / ekonomiese) pilaar.

1.3.3 Tradisies wat van geslag tot geslag oorgedra word, staan bekend as (styl / erfenis).

1.3.4 Meer buitelandse toeriste sal in staat wees om lande met ŉ (swak / sterk) geldeenheid te besoek want hul koopkrag sal toeneem.

1.3.5 ŉ 'Cash Passport' is ŉ voorbeeld van ŉ (kredietkaart / voorafgelaaide buitelandse-valuta-debietkaart). (5)

1.4 Kies ŉ term uit Kolom B wat pas by die beskrywing in Kolom A. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in jou ANTWOORDBOEK, byvoorbeeld, 1.4.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | ŉ Vergadering waarby staatshoofde en hoëprofiel politici betrokke is | A | verantwoordelike toerisme rolspelers |
| 1.4.2 | Die toere is bekend as allesomvattende toere | B | natuurlike wêrelderfenisterrein |
| 1.4.3 | Die toerismebedryf, die toeris, die plaaslike gemeenskap en die omgewing | C | voorafbespreekte toere |
| 1.4.4 | ŉ Benadering van toerisme wat sosiale, omgewings en ekonomiese impak van alle aktiwiteite oorweeg | D | driedubbele slotreël |
| 1.4.5 | Kaapse blommeryk in die Wes-Kaap | E | beraad |
| | | F | toerpakket |

(5)

1.5 Identifiseer die volgende kentekens en skryf dit volledig uit.

1.5.1

South Africa

1.5.2.

ITB
BERLIN

1.5.3

TOMSA

1.5.4

Rio2016

1.5.5

FTT


(5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING**

**VRAAG 2**

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsone-kaart, lees die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.



ʼn Brasiliaanse toerismestudent, Natalia Correia het ingeskryf vir ʼn navorsings-kompetisie en ʼn alles-betaalde reis na London gewen. Haar vlug verlaat Rio de Janeiro op Dinsdag, 20 Augustus 2016 om 14:00. Die vliegtyd sal 11 uur en 30 minute wees.

2.1.1 Bereken die tyd, dag en datum van aankoms in London indien London DBT gebruik. Toon alle berekeninge in jou antwoord. (6)

2.1.2 Natalia sal op haar eerste internasionale vlug gaan en sy mag onvoorbereid wees op die moontlike gevare by die Heathrow Lughawe. Gee haar raad oor TWEE veiligheidsmaatreëls wat sy in gedagte moet hou om by die lughawe veilig te wees. (4)

2.1.3 Identifiseer en klassifiseer die tipe toeris wat Natalia Correia is, in die geval hierbo. (2)

2.1.4 Natalia Correia het ʼn vriend in Suid-Afrika. Haar vriend wil haar skakel vanaf Suid-Afrika om te praat oor haar ondervinding van die vlug. Hy sal Woensdag om 10:00 skakel. Bereken hoe laat dit in London sal wees. Oorweeg DBT. (3)

2.1.5 Bespreek die verskil tussen die konsepte van vlugvoosheid en vluguitputting. Skryf EEN paragraaf en verskaf EEN voorbeeld van elke konsep. (6)

2.2 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. en Me. Joseph van Suid-Afrika gaan na Mauritius vir ʼn vakansie. Hulle het baie aandenkings gekoop in Mauritius. Hulle het ook DVD's by ʼn straatmark gekoop en ook unieke skulpe by Grand Baie opgetel. Hulle beoog om al die items terug te bring na Suid-Afrika. Voordat hul vertrek na die lughawe, het hul die portier by die hotel gevra oor doeaneregulasies. Die inligtingsportier het hulle aangeraai om die skulpe en DVD's agter te laat.

2.2.1 Verduidelik waarom die inligtingsportier hulle aanbeveel het om beide die DVD's en skulpe agter te laat. (3)

2.2.2 Bespreek EEN verskil tussen die rooi kanaal en die groen kanaal by lughawens. (2)

2.2.3 Identifiseer TWEE belastingvrye-items uit die onderstaande lys:

Medisyne vir meer as drie maande, 400 sigare, 200 sigarette, 2 liter wyn. (2)

2.2.4 Verduidelik EEN rede hoekom ʼn land soos Mauritius doeane-regulasies het. (2)

2.3

> Mnr. Bakkes, ʼn kulturele toeris van Suid-Afrika, wil op ʼn Euro-Toer vir 15 dae na Italië, Frankryk en Switserland gaan. Sy hoofbestemming sal Switserland wees. Hy wil ook in Switserland bestuur.

2.3.1 Identifiseer die VIER reisdokumente wat hy sal benodig om op die toer te gaan. (4)

2.3.2 Mnr. Bakkes moet ʼn reisbegroting opstel. Noem VIER faktore wat sy reisbegroting sal beïnvloed. (4)

2.4 Verduidelik die verskil tussen *verpligte* en *aanbevole inentings*. (2)

2.5 Cholera is ʼn aansteeklike siekte. Gee EEN voorsorgmaatreël wat ʼn toeris kan neem om te keer dat hy / sy die siekte opdoen. (2)

**[42]**

**VRAAG 3**

3.1 Bestudeer die onderstaande wisselkoerstabel, soos op 8 Maart 2016, en beantwoord die vrae wat volg.

| LAND | GELDEENHEID KODE | BAK | BVK |
|---|---|---|---|
| Verenigde Koninkryk | GBP | 21.3657 | 22.6999 |
| EU lande | EUR | 16.4568 | 17.6156 |
| Verenigde State | USD | 15.1327 | 15.9939 |

3.1.1 ʼn Suid-Afrikaanse ontspanningstoeris sal die Schengen Visa-gebied besoek en het R20 000 om te spandeer. Bereken die bedrag Euros wat hy sal ontvang deur te verwys na die inligting in die bostaande wisselkoerstabel. Wys alle berekeninge. Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af. (3)

3.1.2 Die waarde van Suid-Afrika se geldeenheid het drasties afgeneem. In ʼn paragraaf, bespreek die effek van hierdie afname in die wisselkoers op inkomende toeriste. (5)


**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISME-BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die onderstaande kaart en beantwoord die vrae wat volg.




Beskrywings van ikone word hieronder (4.1.1 – 4.1.5) gegee en hul ligging word aangedui op die kaart as (A – E). Identifiseer die ikone in 4.1.1 – 4.1.5.

4.1.1 A Dit is geleë op die kruin van die Corcovado-berg en is ŉ simbool van Christenskap vir Katolieke mense.

4.1.2 B Dit is ŉ voorbeeld van ŉ massiewe romantiese gebaar in Indië ter herinnering aan die keiser se vrou.


4.1.3 C Dit is een van die bekendste uitvoerende kunssentrums in die wêreld.

4.1.4 D Dit is ŉ voorbeeld van uitstaande geologiese bewyse wat waardevolle inligting oor die aarde se geskiedenis aandui.

4.1.5 E Dit is ŉ plek van belangrikheid vir mense van die Moslem geloof, wat hul aanmoedig om pelgrimsreise of slegs een besoek per leeftyd hierheen te onderneem. (5)

4.2 Verwys na die onderstaande ikone en inligting en beantwoord die vrae wat volg.

A



B



Tumelo en Ryan is kulturele toeriste. Hul wil Ikoon A en Ikoon B besoek.

4.2.1 Benoem Ikoon A en Ikoon B. (2)

4.2.2 Trek die onderstaande tabel na in jou ANTWOORDBOEK wat kolomme vir die stad, land, unieke karaktertrek en ŉ kort beskrywing van Ikoon A en Ikoon B bevat. Voltooi die tabel.

| **Ikoon** | **Stad** | **Land** | **Unieke karaktertrek** | **Kort beskrywing van die ikoon** |
|---|---|---|---|---|
| A | | | | |
| B | | | | |

(8)


4.2.3 Verduidelik die verskil tussen ŉ *ikoon* (soos Ikoon A) en ŉ *attraksie*. (4)

4.3 **ULURU-KATA TJUTA NASIONALE PARK**

**(AYERS ROCK KULTURELE BELANGRIKHEID)**

Uluru (Ayers Rock) is ’n heilige sleutelterrein in die tradisionele reg van die inheemse Aboriginese gemeenskap, as tradisionele bewaarders van die heilige terrein. Dit is ook een van die Wêrelderfenis kulturele landskappe (bv. het beide natuurlike en kulturele waardes as deel van sy benoemingslys).
Uluru is ’n post-oorlog toeriste ikoon en is ’n kragtige kulturele simbool vir nie-Aboriginese Australië – soveel so dat ’n besoek daarheen gekoppel word aan “die klim”.
Sy geskatte ontspanningswaarde het deel geword van die plek se sosiale betekenis vir hierdie deel van die samelewing en baie oorsese besoekers.

Somtyds het die aksies van toeriste in konflik gekom met die wense van die tradisionele bewaarders. By Uluru in sentrale Australië, het tradisionele Aboriginese eienaars versoek dat besoekers nie die wêreld se grootste monoliet klim nie, maar hul versoek word geïgnoreer.



[Aangepas van Kulturele Toerisme: Die Vennootskap tussen Toerisme en Kulturele Erfenis Bestuur, Du Cros, H & McKercher, B, 2002]

4.3.1 Beskryf “monoliet” in die laaste paragraaf in jou eie woorde. (2)

4.3.2 Ayers Rock is heilig vir die Aboriginese mense. Vanweë sy wêrelderfenis status het dit baie toeriste gelok. Om as ’n wêrelderfenisterrein geklassifiseer te wees, is nie altyd goed vir die plaaslike gemeenskap nie. Stem jy saam of verskil jy? Verduidelik jou antwoord in ’n paragraaf. (3)

4.3.3 Noem en verduidelik enige DRIE faktore wat kan bydra tot die sukses van ’n toeriste-attraksie soos Uluru. (9)

**[33]**

**VRAAG 5**

5.1 Bestudeer die onderstaande kaart van die nege genommerde provinsies van Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.




5.1.1 Identifiseer die Provinsies 3 en 8. (2)

5.1.2 Noem die wêrelderfenisterreine wat gevind word in elke provinsie wat in Vraag 5.1.1 geïdentifiseer is. Oorweeg slegs die terrein naaste aan die kus in Provinsie 3. (2)

5.2 Voltooi die onderstaande tabel oor Wêrelderfenisterreine. Skryf SLEGS die letter en die gepaste antwoord.

| Terrein | Provinsie | Kategorie (kultureel/natuurlik) | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| A | B | Kultureel | Die kultuur by hierdie terrein het handelgedryf met Arabië en Indië via Oos-Afrika se hawens. |
| C | KwaZulu Natal | Kultureel | Die terrein bevat hoë kwaliteit San rotstekeninge. |
| D | Gauteng | E | Die terrein verskaf insig in die evolusie van die mensdom. |

(5)

5.3 Verwys na al die ikone in Vraag 4 en gee EEN voorbeeld van die volgende:

5.3.1 ʼn Globale natuurlike wêrelderfenisterrein (2)

5.3.2 ʼn Globale kulturele wêrelderfenisterrein (2)
**[13]**

**VRAAG 6**

6.1 Volgens die UNWTO (2015) is toerisme die sleutel tot ontwikkeling, voorspoed en welstand as een van die grootste en vinnigste groeiende ekonomiese sektore in die wêreld. Verduidelik EEN belangrikheid om Suid-Afrika internasionaal te bemark as ʼn voorkeur toeristebestemming. (2)

6.2 Australië en Kenia kompeteer hewig met Suid-Afrika om wildlewe- en avontuurtoeriste te lok. Stel TWEE nuwe toerismeprodukte voor (geleë in die plaaslike gebied naby aan hul wilds- en avontuurervarings), wat Suid-Afrika kan bied om te kompeteer en meer internasionale toeriste te lok. (2)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




**"Susan ons dring daarop aan dat jy op 'n kliëntediens-verhoudingskursus gaan.**

7.1 Lys enige DRIE gebiede wat 'n goeie beeld van die personeel sal bevorder by die toerisme maatskappy in die spotprent. (3)

7.2 Verduidelik hoe 'n kliëntedienskursus positief kan bydra tot die beeld van die maatskappy. Verduidelik VIER feite. (8)

**[11]**

**VRAAG 8**

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

**"MASHOVELA – 'n PLEK WAAR DIE TROMME GESLAAN WORD"**

Mashovela Lodge, gekategoriseer as 'n klein onderneming (11 – 25 personeel ), geleë in die Morning Sun Natuurreservaat, is deel van 'n natuurlike erfenisterrein, geleë in die hart van die Soutpansberge in Limpopo. Die Vendastyl lodge het in 2009 geopen. Dit is bekend vir sy eko-vriendelike akkommodasie, sy opvoedkundige inisiatiewe asook sy ondersteuning aan die plaaslike gemeenskap se kuns en kunsvlyt. Sy sterk plaaslike gemeenskap word bevoordeel deur werksverskaffing aan personeel en dansers by die lodge.

Mashovela Lodge is gesertifiseer deur FTT, wêrelderkend vir sy baanbrekerswerk in verantwoordelike toerismesertifiserings sedert 2012. FTT- sertifisering van die lodge dui op die toewyding van die besigheid aan billike en verantwoordelike toerisme. Dit sluit billike lone en werksomstandighede, billike aankope en bedrywighede, regverdige verdeling van voordele en respek vir menseregte, kultuur en die omgewing in. Ander toekennings is een van drie ontvangers van die Goueblaar Toekenning van die Wildernis Stigting vir hul eko-vriendelike verblyf en hul ontvang die Imvelotoekenning in 2010 vir die beste Enkele Hulpbronbestuur Program.

[Aangepas van Volhoubare Toerisme Sertifiserings Alliansie Afrika, April 2014]

8.1 8.1.1 Ondersteun die Mashovela Lodge die driedubbele slotreël benadering? Motiveer jou antwoord met voorbeelde uit die teks deur elke voorbeeld te verbind aan 'n verskillende pilaar. (7)

8.1.2 Ontwikkel 'n DRIEPUNT (een vir elke pilaar) verantwoordelike toerisme gedragskode vir buitelandse toeriste wat die Lodge besoek. (3)

8.1.3 Noem enige DRIE FTT-beginsels wat geïdentifiseer is by die Lodge. (3)

8.2 Verduidelik DRIE maniere waarop die Mashovela Lodge 'n rol kan speel in die bydrae tot 'n groener en skoner planeet. (6)
**[19]**

**AFDELING D TOTAAL: 30**

**AFDELING E: VRAAG 9**

9.1 Bestudeer die onderstaande nuusflits en beantwoord die vrae wat volg.

**Rio se toerisme industrie kan geskud word deur nuwe CDC waarskuwing aan swanger vroue.**

Swanger vroue moet dit oorweeg om die 2016 Somer Olimpiese Spele in Brasilië in Augustus te vermy, volgens ŉ nuwe waarskuwing deur die Verenigde State se Sentrum vir Plaagbeheer en Voorkoming (CDC). Die Sentrum se Februarie 26 verklaring het betrekking op die risiko's van die Zika virus - ŉ infeksie wat gekoppel word aan ernstige geboortedefekte.

Die Internasionale Olimpiese Komitee beraam dat na aan ŉ halfmiljoen toeriste op Rio vir die Olimpiese Spele sal neerdaal. ŉ Reis na die Olimpiese Spele is nie presies ŉ impulsiewe aankoop nie. Baie mense in die Verenigde State van Amerika en elders het alreeds hul kaartjies bespreek voor die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) Zika as ŉ internasionale openbare gesondheidsnood verklaar het. Afhangende van hoe die Zika uitbreek ontwikkel, kan Brasilië se toerismebedryf ŉ golf van kansellasies in die aanloop tot die Olimpiese Spele in die gesig staar.

[Aangepas van qz.com/626375/as-olympic]


9.1.1 Identifiseer die tipe gebeurtenis waaronder die Olimpiese Spele 2016 geklassifiseer word. (1)

9.1.2 Bespreek EEN voordeel om so ŉ gebeurtenis aan te bied. (2)

9.1.3 Identifiseer die reisadviserende organisasie in die nuusflits. (1)

9.1.4 Verduidelik EEN impak van die Zika-virus op die toerisme industrie in die gasheerland, Brasilië. (2)

9.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.





9.2.1 Noem die kategorie van gebeurtenisse wat in die spotprent getoon is. (2)

9.2.2 Verduidelik EEN impak van verwoestende siklone op ŉ toeriste bestemming. (2)

9.3 Verduidelik wat ŉ *politieke situasie* is en identifiseer EEN impak van so ŉ situasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4)

9.4 Bestudeer die grafiek en tabel oor aankomsgetalle van toeriste na Suid-Afrika en beantwoord die vrae wat volg.




| | Toeriste aankomste | Afrika Land markte | Afrika Lug markte | Amerikas | Asië en Australasië | Europa |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 | 8 961 565 | 6 410 386 | 390 621 | 433 526 | 448 967 | 1 278 065 |
| 2014 | 9 549 236 | 6 972 556 | 374 575 | 434 919 | 401 714 | 1 365 472 |

| | Verskil | % Verandering |
|---|---|---|
| Toeriste Aankomste | 587 671 | 6,6 |
| Afrika land | 562 170 | 8,8 |
| Afrika lug | 16 046 | - 4.1 |
| Amerikas | 1 393 | 0.3 |
| Asië and Australasië | 47 253 | - 10.5 |
| Europa | 87 407 | 6.8 |

[Aangepas uit Stats SA, SA Toerisme-analise 2013 – 2014]


9.4.1 Identifiseer Suid-Afrika se grootste mark van 2013 – 2014. (2)

9.4.2 Definieer die kategorie van *Afrika-lugmarkte*. (2)

9.4.3 Vergelyk die buitelandse aankomste na Suid-Afrika vanaf Asiese en Australasiese markte gedurende die jaar 2013 en 2014. Identifiseer die tendens en verduidelik jou antwoord. (2)
**[6]**

9.5 Bestudeer die volgende grafiek (aangepas uit die Suid-Afrikaanse Toerisme Verslag, 2013 – 2014, Kwartaal 4) en beantwoord die vrae wat volg.

**PROVINSIALE VERSPREIDING VAN DIE GETAL BUITELANDSE TOERISTE**




| | Gauteng | Wes-Kaap | Oos-Kaap | KwaZulu Natal | Mpuma-langa | Limpopo | Noord-wes | Noord-Kaap | Vry-staat |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 | 3 712 144 | 1 330 520 | 276 611 | 772 372 | 1 132 444 | 1 422 556 | 493 197 | 156 588 | 796 706 |
| 2014 | 3 804 125 | 1 386 100 | 304 888 | 768 228 | 1 144 021 | 1 639 766 | 508 537 | 166 657 | 960 147 |

9.5.1 Noem die provinsie wat die grootste getal buitelandse aankomste ontvang het. (1)

9.5.2 Verduidelik EEN moontlike rede waarom die Noord-Kaap die minste besoeke ontvang het. (2)

9.5.3 Stel EEN manier voor waarop Suid-Afrikaanse Toerisme hul bemarkingstrategie kan verbeter om inkomende toerisme na die Noord-Kaap te lok. (1)

9.6 Noem ...

9.6.1 EEN voordeel wat kredietkaartbetalings het vir inkomende toeriste.

9.6.2 EEN nadeel wat kredietkaartbetalings het vir inkomende toeriste. (2)
**[26]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die onderstaande kliënteterugvoerinstrument en beantwoord die vrae wat volg.




10.1 Identifiseer die kliënteterugvoerinstrument hierbo. (2)

10.2 Verduidelik EEN rede waarom kliënteterugvoer belangrik is in ’n toerisme-gebasseerde maatskappy. (2)
**[4]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**